



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 15 SEPTEMBER 2024

SEWENTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Ds Johan Janse van Rensburg

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Jakobus 3:13–4:3, 7-8a; Spreuke 31:10-31;

Psalm 1; Markus 9:30-37

SONDAG, 15 SEPTEMBER

POSDAG

09:00 Oggenddiens
Kleuterkerk en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Magdalenahuis
Erediensspan 3 – Neels Kruger

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

MAANDAG, 16 SEPTEMBER

18:00 Kooroefening
19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 17 SEPTEMBER

09:30 Senior Burger Bybelstudie

WOENSDAG, 18 SEPTEMBER

09:30 Vroue Bybelstudie

DONDERDAG, 19 SEPTEMBER

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal

Sopbeurte: Othello – Sarie de Milander

VRYDAG, 20 SEPTEMBER

SKOLE SLUIT

SATERDAG, 21 SEPTEMBER

SONDAG, 22 SEPTEMBER

AGTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van Gemeente se eie fondse
Erediensspan 4 – Robert Rootman

GEMEENTENUUS

1. Heléne Steenkamp (Groenland) het 'n knie-operasie gehad.
2. Hein en Heidi Jonas (Kareeboomlaan) se dogter, Alana, is oorlede.
3. Dawie Maas (Othello) is oorlede na 'n lang siekbed.



VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

15/09 Danny Williams(82), Japie Maré(93), Debbie Esterhuyse, Lea Viljoen
16/09 Renisha Gourrah, Marthinus Gresse, Hanro Papenfus
17/09 Cobus Kruger, Heloïse Neethling, Johanna van den Heever,
Suzette Engelbrecht
18/09 Sonja Barnard, Sonja du Plessis, Mattie Joubert(84), Natasja Kotze
19/09 Johan Norman, Tarah Oosthuizen, Stoffel le Roux(83),
Shirley van der Westhuizen(85), Brigitte du Toit
20/09 Elfred Moore(87), Erica van der Westhuizen
21/09 Marietjie Mostert, Francois van Eeden, Bettie van Zyl, Renier Wessels



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is met verlof van 1 Sep tot 30 Sep.
2. Aangesien Dinsdag 24 September 'n openbare vakansiedag is, sal die kerkkantoor op Maandag 23 September 2024 gesluit wees ten einde ons personeel 'n welverdiende langnaweek te gee.
3. Ds Johan Janse van Rensburg het die beroep na De Eike aanvaar.
4. Die volgende lidmate word vanoggend as kerkraadslede bevestig:
 - Bokkie Geyer as Blokleier Wbg Brackenfell 3
 - Lorraine Louw as Voorsitter Erediens en aanbidding

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Magdalenahuis

Magdalenahuis Beradingsentrum het op 10 Oktober 1902 tot stand gekom en was 'n inisiatief van die NG Kerk. Magdalenahuis fokus op drie diensterreine: swangerskapsberading, aanneming en herkoms-fasilitering. In September 2014 neem Magdalenahuis dan ook die geloofstap om weens die oorwel-digende nood en behoefte aan hulp, die inwoningskomponent om te skakel na 'n ondersteunings/ontwikkelingsprogram in hoë risiko gemeenskappe. Die Isiqalo Program (New Beginnings) fokus steeds daarop om hierdie weerlose swanger vroue en hul ongebore babas in nood by te staan en te ondersteun. Met dieselfde visie "Uit liefde help ons heelmaak" onderskryf ons die filosofie van die Eerste 1000 Dae, met die uitkoms dat gesonde kinders lei tot 'n gesonde samelewing. Dankie aan gemeentes wat deur die jare met hul deuroffers Magdalenahuis in staat stel om volhoubaar 'n verskil te maak in die lewens van weerlose swanger vroue, kinderlose egpare, asook babas en kinders.

Mev S du Plessis | 021 948 3637 | info@magdalena.org.za

Webwerf: <https://magdalena.org.za>


HULP MET BEGRAFNISSE

Die nuwe koördineerder vir die reëlings rondom broodjies vir begrafnisse en hulp in die kombuis met die bediening van die tee, is Doutie Vermaak. Ons sê vir haar baie dankie vir haar bereidwilligheid om hierdie belangrike taak oor te neem.

Sy het egter hulp nodig. As jy bereid is om by geleentheid broodjies te maak en/of te help in die kombuis, kontak die kerkkantoor.

BLOKRAAI KOMPETISIE

Kompetisie sluit vandag 15de September 2024 en wenners sal teen 6 Oktober 2024 bekend gemaak word.



KOSMANDJIE

Die Kosmandjie deel God se genade uit aan hulle wat dit nodig het.
Dankie dat jy deur jou bydrae hieraan deelneem.
Enigiets is welkom, veral die items wat op ons lysie verskyn.

Spenslys: koffie /tee /melk / suiker
mieliemeel / kitsmieliemeel / hawermout
soya(400g-pakkies) / rys
blikkies - tamatie / tuna / groente
grondboontjebotter
tandepasta / sjampoe
skottelgoedseep / wasgoedseepoeier 2kg-pakkies



Mandjie-groete

KLERE EN VERE

Die **OpWipWinkel** (boeke en klere) kon R3245.00 by De Eike se basaarfonds voeg.
Baie Dankie!

Kleinpoort Plaasskool se kinders is erg in hul noppies met hul serpe, musse en
handskoene - Nogmaals Dankie!

Bring asseblief vir ons - skoene, klere, linne, wol, materiale, kombuisware of speelgoed -
énigiets wat jy wil weggee.
Ons het baie planne daarmee!

Groetnis
2 Vere



&



SENIOR BURGER TEE

De Eike se Senior Burgers word lekker bederf op

5 Oktober 2024 van 10:00 tot 12:00

Tema: Met grysheid kom wysheid dan nie?

Toegang is gratis. Lidmate 65 en ouer is baie welkom.
Slegs 120 plekke beskikbaar. Kontak die kerkkantoor om plek te bespreek.

SKOOLVERLATORS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 20 Oktober 2024 aan al ons matrikulante 'n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 14 Oktober 2024, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

Leila Allie-Reid
Karla Andrews
Ané Botes
Emily Clark
Daniel Du Plessis
Daclan Jefthas
Rynho Swart

PREEKSKETS

TEMA – DIE MAG VAN DIE TONG

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Jakobus 3:1-12



"Niemand is mos volmaak nie" sê ons graag.

- Nou kom sê Jakobus ook so: "Ons almal struikel in baie opsigte".

1. **Die tong** is die een opsig waarin ons almal struikel.

- Die tong? So 'n nietige liggaamsdeeltjie?
- Wat is woorde tog? Ons praat mos maar net...

2. **Hoe lyk die tong?** Jakobus gee 3 beelde:

2.1. Soos 'n stang: kan 'n wilde perd beheer.

- 'n Enkele woord kan 'n mens se lewensloop verander.
- Onder beheer van die Gees word dit 'n nuttige instrument

2.2. Soos 'n skip se roer: Dit gee rigting, bepaal nie jou lewenskoers.

- Ook nie net jou eie nie, maar dié van almal rondom jou
- Dit kan maak of breek - oppas daarom wat jy sê voor ander!

2.3. Soos 'n vuurhoutjie: klein, maar kan 'n ramp veroorsaak!

- Sy effek raak baie maklik buite jou beheer.

3. **Hoekom is dit so belangrik?**

- Vars en brak water kom nie uit dieselfde fontein nie...